# ’n Stylvolle, Veilige Leefstyl wag op jou

SALI
SOUTH AFRICAN LANDSCAPERS INSTITUTE
*Silver Award of Excellence*

in die pragtige Lombardy Estate & Health Spa

HIERDIE ONBETWISBAAR STYLVOLLE LEEFSTYLLANDGOED IS BEVEILIG DEUR ’N UITERS MERKWAARDIGE, VEILIGE INFRASTRUKTUUR WAT DOELTREFFENDE, DOG DISKRETE, GEMOEDSRUS AAN SY INWONERS BESORG.

**LOMBARDY ESTATE & HEALTH SPA,** WAT STRATEGIES AAN DIE BUITEWYKE VAN PRETORIA GELEË IS, HET ’N BUITENGEWOON LANDELIKE GEVOEL WAT MAKLIK IS OM AAN GEWOOND TE RAAK. DIE NABYHEID DAARVAN AAN PRETORIA SE SAKE- EN VERMAAKNODUS VERSEKER GERIEFKLIKE TOEGANG WANNEER NODIG.

Binne die gronde beïndruk die goed gevestigde, onberispelik instandgehoude tuine dadelik. Die waterweë en rustige mere dra verder by tot die skoonheid van die omgewing. Bekroonde landskapargitekte *Uys & White,* wat deur Italië se Lombardye-streek geïnspireer is, verdien die eer vir die pragtige ontwerp en kundige uitvoering van die tuine. Eko-georiënteerde individue en beleggers sal dit ook waardeer dat Lombardy Estate & Health Spa bewus is van sy koolstofvoetspoor wat seker maak dat die groen gebiede volhoubaar in stand gehou word.

Die smaakvolle strukture wat in die pragtige landgoedgronde geleë is, is ewe indrukwekkend. Die lieflike wonings in Lombardy Estate & Health Spa is ontwerp en uitgelê om voldoende privaatheid te verseker sonder om inwoners afgesonder van hulle bure te laat voel. Bekroonde *QTS* Argitekte en *SAOTA* (Stefan Antoni Olmesdahl Truen Argitekte) verdien lof vir die landgoed se ontwerp-estetika wat spreek van hulle vertolking van Frank Lloyd Wright se bekende Prairie-styl-ontwerp. Verlengings in die vorms van die stoepe en balkonne maak seker dat die tuinlandskappering ten volle geniet kan word.

Lombardy Estate & Health Spa se inwoners het ook ’n groot verskeidenheid geriewe byderhand. Sensasionele verjongingsbehandelings (uitgevoer deur terapeute met internasionaal geakkrediteerde kwalifikasies) wag by die bekroonde **Soulstice Day Spa,** en die **5-ster Lombardy Boutique Hotel & Conference Venue** bied heerlike disse wat selfs die kieskeurigste smulpaap tevrede sal stel. Wanneer dit kom by konferensiebehoeftes, kan groot korporatiewe instellings en kleiner ondernemings gebruik maak van die goed toegeruste geriewe. Konferensieplekke sluit in die Casa Milano, Stanza-kamer en Formele sitkamer. Daar kan ook by die landgoed se klubhuis voorsiening gemaak word vir herdenkings- en ander sosiale geleenthede.

Die landgoed se **betroubare veiligheidskenmerke** dra hier ongetwyfeld by tot die aantreklikheid van die aanbied van geleenthede en belangrike konferensies. Die allernuutste stelsel bestaan uit toegangsbeheer, patrollerende wagte, geslotebaan-televisiekameras, ’n koverte indringerwaarnemingstelsel en dieselfde peutervrye sterk maasdraad wat van Suid-Afrika se kosbaarste bates beskerm.

Al hierdie kenmerke saam – pragtige wonings in ’n rustige omgewing met topsekuriteit en luukse geriewe – het sedert 2007 bygedra tot Lombardy Estate & Health Spa se volwassewording deur die lok van honderde inwoners wat vandag deel is van ’n spesiale, verwelkomende gemeenskap.

Trotse beleggers verstaan ook en erken dat die landgoed uiters aantreklik is vir voornemende inwoners wat reg is om huurders te word. Lombardy Estate & Health Spa gaan steeds voort om ’n eksklusiewe eiendomsgeleentheid te skep. Beleggers wat belangstel word trouens aangemoedig om nou navraag te doen, terwyl markverwante pryse gewaarborg word, voordat daar met bouwerk begin word.

**Vir inwoners verteenwoordig Lombardy Estate & Health Spa ’n veilige hawe. Te danke aan hulle gedagtige, nie-indringende implementering, laat die topveiligheid- en -sekuriteitsmaatreëls toe dat die skoonheid en rustigheid van die landgoed ten volle geniet kan word. Hier kan individue, paartjies en gesinslede met veiligheid ure buite deurbring waar hulle kan oefen, gaan stap of eenvoudig die dag om speel.**

Die landgoed se ontwikkelaar gaan voort om die oorblywende deel van die Lombardy Lakes- en Lombardy Fountains-eiendomme te ontwikkel, met baie toewyding en spesifieke aandag aan gehalte om die landgoed se plek in die mark te behou.

LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

**Ons wag op jou navrae. Jy kan die ontwikkelaar direk kontak** by 087 725 5590 | **E-pos** info@lombardyestate.co.za.
**Of kontak** Johan Scheppel: 072 288 3688 | Lizette Leas: 082 9293225 | Eveline Zinssmeister: 082 041 9181

**www.lombardyestate.co.za**